



# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528

Hatfield 0028 SA

Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380

[algemenesinode@ngkerk.org.za](mailto:algemenesinode@ngkerk.org.za) [www.ngkerk.org.za](http://www.ngkerk.org.za)

Junie 2016

## HUWELIKSBEVESTIGERS

'n Afvaardiging van die NG Kerk, Gereformeerde Kerk, Ned Hervormde Kerke en die SARK het 'n gespreksgeleentheid (Junie 2016) met die Departement Binnelandse Sake aangevra waarin die volgende sake bespreek is:

- 1. Registrasie en aanstelling van Huweliksbevestigers**  
Die aansoek, dokumentasie en aanstelling om as Huweliksbevestiger deur die Departement geregistreer en aangestel te word asook opsies om die proses te verhaas.
- 2. Verskuiwing van een kantoor na 'n ander Kantoor**  
Die verskuiwing van 'n huweliksbevestiger se leër vanaf een kantoor na 'n ander kantoor wanneer 'n leraar 'n beroep aanvaar. Die afvaardiging het aan die Departement voorgestel dat die Huweliksbevestiger self sy leër kan uitteken en by sy/haar nuwe kantoor kan gaan indien. Die moontlikheid sal ook ondersoek word om dit elektronies te doen. Die saak geniet tans aandag.
- 3. Die hantering van huweliksbevestigers by Kantore van die Departement.**  
Hier is ook voorgestel dat daar aan huweliksbevestigers 'n tipe identiteitskaart (soortgelyk aan die nuwe ID kaarte) uitgereik word, sodat die personeel kennis kan neem dat die persoon 'n Huweliksbevestiger is en maklik en vinnig gehelp kan word. Hierdie saak geniet ook aandag.
- 4. Opdatering van die Departement se webwerf**  
Die opgradering van die Departement se webwerf, sodat dit vir leraars meer toeganklik sal wees om die huwelikstatus van persone na te gaan alvorens 'n huwelik bevestig word. Die saak geniet ook aandag

### **Probleme en/of klagtes:**

Die Departement het ook versoek dat, indien daar spesifieke probleme by sekere kantore opduik, die Departement onverwyld daarvan verwittig moet word. Indien daar dus probleme ondervind word met die oorplasing van huweliksbevestigers se leërs, die uitreik van huweliksregisters, die diens by kantore ens, moet die Algemene Sinode se kantoor onmiddellik in kennis gestel word vir deursending aan die Departement.

**Die volgende inligting moet verskaf word by aanmelding van probleme – stuur dit aan plaaslike Skriba van die Sinode wat met aansoeke, ens van huweliksbevestigers werksaam is (Vrystaat by [kerkinfo@ngkvs.co.za](mailto:kerkinfo@ngkvs.co.za))**

- Kantoor waar die probleem ondervind word
- Inhoud van die klagte omskryf
- Inligting van persoon wat probleem ervaar (naam, van, ID nr, Huweliksbevestiger nr)
- Indien dit oor 'n egpaar handel, hulle besonderhede

Stuur die inligting/klagte na:

Die Bestuurder

Algemene Sinodale Taakspan Predikantesake (ATP)

Vir aandag:

Die Bestuurder ATP

Dr Dewyk Ungerer

Epos: [dewyku@iafrica.com](mailto:dewyku@iafrica.com)